




**Andrew Bennett het verduidelik hoe die heffings wat ingesamel is, verdeel word. 75% word uitbetaal vir ontwikkeling en navorsing en 25% word gebruik vir transformasie en administrasie.**



**Dr Tobias Doyer; Tom van Rooyen (Graan SA-raadslid); prof Ferdi Meyer (besturende direkteur van BFAP) en Andrew Bennett tydens die SACTA-inligtingsgeleentheid wat in Pretoria gehou is.**

vyf jaar 'n groot bydrae gelewer tot die verhoogde produksie in graanverbouing," het hy gesê.

Volgens prof Meyer toon navorsing dat Suid-Afrikaanse produsente voorlopers is in die wêreld met die aanvaarding en gebruik van nuwe tegnologie. "Ons produsente is egter ook krities en implementeer slegs daardie tegnologie wat 'n doel dien en waarde toevoeg."

Aspekte wat aandag moet kry in die ontwikkeling van nuwe sojaboonprodukte vir die toekoms, is onder meer korter groeiseisoenlengte en verbeterde droogteverdraagsaamheid, het prof Meyer uitgewys. "Variëteite met 'n korter groeiseisoenlengte wat meer bestand is teen droogte sal produsente help om verskillende kultivars in 'n pakket te plant om so die produksierisiko's beter te mitigeer." ●





**Marisa Badenhorst,**
Revive Our Hearts South Africa

# Buitengewoon gewoon

Vir sommige mense word daar standbeelde opgerig. Vir baie merkwaardige mense sal daar egter nooit 'n standbeeld opgerig word nie, want hulle was in die oë van die wêreld net te gewoon.

Daar is baie "gewone" mense vir wie ek in my hart 'n standbeeld oprig. Een van hulle is my skoonma. Ma Emma was 'n doodgewone vrou wat doodgewone dinge buitengewoon gedoen het.

Wanneer Jannie du Toit sing van "Eenvoud is die vreugde van die lewe, dit is gee en neem net wat daar is, dit is dankbaar eet van elke skewe snytjie brood wat liefde is ...", wonder ek of hy my skoonma geken het. Die blink van die lewe het haar nooit beïndruk nie. Veel eerder was sy tevrede en dankbaar vir "elke skewe snytjie brood". In haar liefdevolle hart kon jy maklik nesmaak. Enigeen was welkom aan haar tafel – van die tegnikus wat iets kom regmaak het tot die hawelose wat ongenooid by die voordeur opgedaag het. As sy nóg 'n bak beskuit of nóg 'n ete kon aflewer; nóg 'n keer kon dien of nóg 'n keer kon doen, was sy gelukkig. Op haar begrafnis was dit vir my 'n eer en voorreg om 'n eerlike huldeblyk aan 'n buitengewone, merkwaardige vrou te kon lewer.

In ons dag gaan "gewone goed" maklik ongesiens verby. Buitengewone sukses, buitengewone avonture op sosiale media, buitengewone bekendheid, rykdom of skoonheid trek die aandag. Ons trap selfs in die strik om te dink dat gewone lewens selfs sonder 'n lewensdoel kan wees.

Dit is egter in die gewone dinge waar diep kosbaarhede gevind word. "Liefde, vrede, vreugde, geduld ..." sê Galasiërs 5:20. Die rykdom van 'n stabiele huwelik, die geborgenheid van 'n ouerhuis, gesonde verhoudings, die eenvoudige dien van die Here – dit is alles dinge wat nie deur geld gekoop kan word nie. Dit is dinge waarvoor daar nie noodwendig akkolades ontvang word nie, maar wat die ruimte vir ander skep om buitengewoon te floreer.

"Eenvoud is die vreugde van die lewe." Ons almal moet elke dag in die "gewone" leef. Ek het 'n stille bewondering vir mense wat die gewone buitengewoon doen. Dit is 'n lewenskuns. ●

